NG GEMEENTE PAROWVALLEI-OOS

LYDENSTYD 2016

10 FEBRUARIE TOT 26 MAART

KOM BELÉÉF DIE GENADE VAN CHRISTUS UIT ROMEINE!

Met Lydenstyd 2016 onthou ons weer wat Jesus Christus vir ons kom doen het. In aanloop tot Paasfees leer ons veral uit Romeine hoe Jesus ons kom verlos het deur aan die kruis te sterf. Ons gaan vir hierdie byna 40 dae probeer om dinge anders te doen. Ons sondigheid, skuldbelydenis, hertoewyding, stilte, verootmoediging en vernuwing gaan spesiale aandag kry. Daar sal ook genoeg tyd wees om weer verwonderd te raak oor die kruisdood van Jesus - die grootste liefdesdaad van alle tye!

In ons eredienste en ander geleenthede sal die atmosfeer van Lydenstyd beleef word. Ons begin met ‘n groepsbyeenkoms op Aswoensdag en het dan weer ’n groepsbyeenkoms op die Woensdag in Groot Lydensweek. Ons gaan Palmsondag iets spesiaal doen. Op Goeie Vrydag het ons Nagmaal. Paassondag vier ons Jesus se opstanding met helderkleurige blomme wat ons kerk toe bring.

Kom neem deel aan Lydenstyd 2016. Stap saam deur Romeine om meer te leer van wat Jesus vir jou gedoen het. Kom luister en dink saam oor hoe om hierdie genade te beleef en uit te leef! .

<u>Woensdag 10 Februarie 18:30</u>
Aswoensdag **groepbyeenkoms**
Psalm 51: 1 - 17
Here, vergewe my!

<u>Sondag 14 Februarie</u>
09:30 Erediens
Die liefde van Jesus is bloedrooi !
Romeine 3: 9 - 26

<u>Sondag 21 Februarie</u>
09:30 Erediens
Jesus verander swaarkry in hoop!
Romeine 5: 1 - 11

<u>Sondag 28 Februarie</u>
09:30 Erediens
Saam met Jesus gekruisig om nuut vir God te leef!
Romeine 6: 1 - 11, 20 - 23

<u>Sondag 6 Maart</u>
09:30 Erediens
Niks kan ons van die liefde van Christus skei nie!
Romeine 8: 31 - 39

<u>Sondag 13 Maart</u>
09:30 Erediens
Om die goeie nuus oor Jesus te glo en uit dra!
Romeine 10: 11 - 21

<u>Sondag 20 Maart</u>

Palmsondag

09:30 Erediens

Aan God die eer!

Romeine 11: 33 - 36

<u>Woensdag 23 Maart 18:30</u>

<u>Groot Lydensweek groepbyeenkoms</u>

Die nuwe lewe in Christus maak jou bruikbaar!

Romeine 12: 1 - 8

<u>Goeie Vrydag 25 Maart</u>

09:30 Nagmaal

Jesus sterf en word begrawe .....

Markus 15: 33 - 47

<u>Sondag 27 Maart</u>

Paasfees en Opstanding Sondag

09:30 Erediens

Ongelooflik!? Jesus lewe en het opgestaan!

Markus 16: 1 - 20

Bring vars blomme saam kerk toe vir die fees!

PAASFEES 2016